**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

______ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 13 August 2019)*

# ACT

**To amend the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998, so as to substitute and insert certain definitions; to improve the manner of serving documents to infringers; to add to the functions of the Road Traffic Infringement Authority; to repeal certain obsolete provisions; to establish and administer rehabilitation programmes; to provide for the apportionment of penalties; to provide for the establishment of the Appeals Tribunal and matters related thereto; to effect textual corrections; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT OF THE Republic of South Africa enacts as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 46 of 1998, as amended by section 1 of Act 22 of 1999 and section 1 of Act 72 of 2002**

**1.** Section 1 of the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution in the definition of ''acceptable identification'' for subparagraph (i) of paragraph *(d)* of the following subparagraph:

''(i) a company, a certificate of incorporation or name change issued in terms of the **[Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973)]** Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);'';

*(b)* by the deletion of the definition of ''agency'';

*(c)* by the insertion after the definition of ''authorised officer'' of the following definition:

'' **'Authority'** means the Road Traffic Infringement Authority, established in terms of section 3;'';

*(d)* by the substitution for the definition of ''date of service'' of the following definition:

'' **'date of service'** means the date on which an infringer has **[signed for]** received the relevant document served on him or her under section 30;'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 13 Augustus 2019)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998, ten einde sekere omskrywings te vervang en in te voeg; om die wyse van betekening van dokumente aan oortreders te vereenvoudig; om by te voeg tot die werksaamhede van die Padverkeeroortredingsowerheid; om sekere uitgediende bepalings te herroep; om rehabiliteringsprogramme in te stel en te administreer; om voorsiening te maak vir die toedeling van boetes; om voorsiening te maak vir die instelling van die Appèltribunaal en aangeleenthede wat daarmee in verband staan; om tekskorreksies aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 46 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 22 van 1999 en, in die Engelse teks, deur artikel 1 van Wet 72 van 2002**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998 (hieronder "die Hoofwet" genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur in die omskrywing van "aanvaarbare identifikasie" subparagraaf (i) van paragraaf *(d)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n maatskappy, 'n sertifikaat van inlywing of naamsverandering wat ingevolge die **[Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)]** Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), uitgereik is; of";

*(b)* deur paragraaf *(d*A*)* van die omskrywing van "aanvaarbare identifikasie", ingevoeg in die Engelse teks by artikel 1*(a)* van Wet 72 van 2002, na paragraaf *(d)*(ii) in te voeg:

"*(d*A*)* 'n bestuurslisensie uitgereik ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);";

*(c)* deur die omskrywing van "agentskap" te skrap;

*(d)* deur die omskrywing van "balju" te skrap;

*(e)* by the insertion after the definition of ''disqualification period'' of the following definition:

'' **'electronic service'** means service by electronic communication as defined in the Electronic Communications Act, 2005 (Act No. 36 of 2005), and as contemplated in section 19(4) of the Electronic Communication and Transactions Act, 2002 (Act No. 25 of 2002);'';

*(f)* by the insertion after the definition of ''enforcement order'' of the following definition:

'' **'habitual infringer'** means an infringer, operator or a juristic person who, in terms of section 25, incurs demerit points resulting in a disqualification more than two times;'';

*(g)* by the substitution for the definition of ''infringement'' of the following definition:

'' **'infringement'** means any act or omission in contravention of this Act and any road traffic legislation or transport legislation;'';

*(h)* by the substitution for the definition of ''issuing authority'' of the following definition:

'' **'issuing authority'** means—

*(a)* local authority contemplated in Chapter 7 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, **[(Act 108 of 1996)]** the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), or any other applicable law;

*(b)* a provincial administration;

*(c)* the Road Traffic Management Corporation, established under section 4 of the Road Traffic Management Corporation Act, 1999**[,]**; or

*(d)* any other state institution declared by the Minister by regulation to be an issuing authority,

in so far as such authority, administration or state institution is responsible for road traffic and road transport matters;'';

*(i)* by the deletion of the definition of ''major infringement'';

*(j)* by the deletion of the definition of ''minor infringement'';

*(k)* by the deletion of the definition of ''national contraventions register'';

*(l)* by the insertion after the definition of ''Minister'' of the following definition:

'' **'National Road Traffic Offences Register'** means the National Road Traffic Offences Register administered by the Authority in which the details of infringements and offences of every infringer are recorded;'';

*(m)* by the substitution for the definition of ''representations officer'' of the following definition:

'' **'representations officer'** means a person appointed in terms of section 10 to adjudicate on representations contemplated in section 18;'';

*(n)* by the deletion of the definition of ''sheriff''; and

*(o)* by the deletion of the word ''and'' after the definition of ''sheriff'', the insertion of the word ''and'' after the definition of ''this Act'', the deletion of the full-stop after the definition of ''this Act'' and the addition after the definition of ''this Act'' of the following definition:

'' **'Tribunal'** means the Appeals Tribunal established by section 29A;''.

**Amendment of section 4 of Act 46 of 1998**

**2.** Section 4 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* to administer a procedure to discourage the contravention of road traffic **[laws]** legislation or transport legislation and to support adjudication of infringements as set out in subsection (2);'';

*(e)* deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van ‘‘dwangbevel’’ in te voeg:

‘‘ **‘elektroniese betekening’** betekening deur elektroniese kommunikasie soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005), en soos beoog in artikel 19(4) van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);’’;

*(f)* deur die omskrywing van ‘‘datum van betekening’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘datum van betekening’** die datum waarop ’n oortreder **[geteken het vir]** die betrokke dokument wat kragtens artikel 30 op hom of haar beteken is, ontvang het;’’;

*(g)* deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van ‘‘gemagtigde beampte’’ in te voeg:

‘‘ **‘gewoonteoortreder’** ’n oortreder, operateur of ’n regspersoon wat, ingevolge artikel 25, strafpunte kry wat meer as twee keer ’n diskwalifikasie tot gevolg het;’’;

*(h)* deur die omskrywing van ‘‘groter oortreding’’ te skrap;

*(i)* deur die omskrywing van ‘‘kleiner oortreding’’ te skrap;

*(j)* deur die omskrywing van ‘‘nasionale oortredingsregister’’ te skrap;

*(k)* deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van ‘‘misdryf’’ in te voeg:

‘‘ **‘Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe’** die Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe geadministreer deur die Owerheid waarin die besonderhede van die oortredings en misdrywe van elke oortreder aangeteken word;’’;

*(l)* deur die omskrywing van ‘‘oortreding’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘oortreding’** enige handeling of versuim in stryd met hierdie Wet en enige padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing;’’;

*(m)* deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van ‘‘oortredingskennisgewing’’ in te voeg:

‘‘ **‘Owerheid’** die Padverkeeroortredingsowerheid, ingestel by artikel 3;’’;

*(n)* deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van ‘‘strafpunte’’ in te voeg:

‘‘ **‘Tribunaal’** die Appèltribunaal by artikel 29A ingestel;’’;

*(o)* deur die omskrywing van ‘‘uitreikingsgesag’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘uitreikingsgesag’**—

*(a)* ’n plaaslike owerheid beoog in Hoofstuk 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 **[(Wet No. 108 van 1996)]**, die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), of enige ander toepaslike wet;

*(b)* ’n provinsiale administrasie; **[of]**

*(c)* die Padverkeersbestuurskorporasie, ingestel kragtens artikel 4 van die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999**[,]**; of

*(d)* enige ander staatsinstelling deur die Minister by regulasie tot uitreikingsgesag verklaar,

vir sover sodanige owerheid, administrasie of Korporasie verantwoordelik is vir verkeersaangeleenthede;’’; en

*(p)* deur die omskrywing van ‘‘representations officer’’, ingevoeg in die Engelse teks by artikel 1*(b)* van Wet 72 van 2002, na die omskrywing van ‘‘uitreikingsgesag’’ in te voeg en verder te wysig:

‘‘ **‘vertoë-beampte’** iemand wat ingevolge artikel 10 aangestel is om die vertoë in artikel 18 beoog, te bereg;’’.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 46 van 1998**

**2.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

‘‘*(a)* om ’n prosedure te administreer om die oortreding van **[padverkeerswette]** padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing te ontmoedig, en om die beregting van oortredings te ondersteun, soos uiteengesit in subartikel (2);’’;

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* **[to provide specialised prosecution support services as set out in subsection (4)]** to administer and manage a point demerit system for infringements and offences; and";

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* considering representations from an infringer in terms of section 18 with regard to an infringement notice or the non-compliance with the prescribed processes by an issuing authority relating to **[a minor]** an infringement;";

*(d)* by the deletion in subsection (2) of paragraph *(e)*;

*(e)* by the deletion in subsection (2) of the word "and" at the end of paragraph *(f)*;

*(f)* by the deletion in subsection (2) of the full-stop at the end of paragraph *(g)* and the insertion in that subsection of the word "and" at the end of that paragraph;

*(g)* by the addition in subsection (2) of the following paragraph:

"*(h)* administering prescribed rehabilitation programmes for habitual infringers.";

*(h)* by the insertion in subsection (3) of the word "and" at the end of paragraph *(a)*;

*(i)* by the deletion in subsection (3) of the expression "; and" at the end of paragraph *(b)* and the insertion in that subsection of a full-stop at the end of that paragraph;

*(j)* by the deletion in subsection (3) of paragraph *(c)*; and

*(k)* by the deletion in subsection (4) of paragraphs *(a)* and *(c)*.

**Amendment of section 11 of Act 46 of 1998**

**3.** Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The **[agency]** Authority may pay to the persons in its employ such remuneration and allowances, and may provide them with pensions and other benefits, as the **[board]** Board may determine **[with the approval of the Minister acting in consultation with the Minister of Finance]** after consultation with the Minister.".

**Repeal of section 12 of Act 46 of 1998**

**4.** Section 12 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 13 of Act 46 of 1998, as amended by section 7 of Act 72 of 2002**

**5.** Section 13 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) of the word "and" at the end of paragraph *(d)*; and

*(b)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d*A*)* penalties issued and collected by, or on behalf of, an issuing authority; and".

**Substitution of section 15 of Act 46 of 1998**

**6.** The following section is hereby substituted for section 15 of the principal Act:

"**Banking account**

**15.** The **[agency]** Authority may, with the approval of the **[Director-General]** Board, open and maintain one or more accounts with a bank registered **[finally]** as a bank in terms of the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), in which must be deposited **[the]** money received by the **[agency]** Authority and money received from issuing authorities, driving licence testing centres and registering authorities, and from which payments by **[it]** the Authority or on its behalf may be made.".

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(c)* **[om gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir vervolging te voorsien, soos uiteengesit in subartikel (4)]** om ’n strafpuntstelsel vir oortredings en misdrywe te administreer en te bestuur; en”;

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* vertoë van ’n oortreder ingevolge artikel 18 te oorweeg aangaande ’n oortredingskennisgewing of die nievoldoening aan prosesse deur ’n uitreikingsgesag voorgeskryf met betrekking tot ’n **[kleiner]** oortreding;”;

*(d)* deur paragraaf *(e)* van subartikel (2) te skrap;

*(e)* deur in subartikel (2) die woord “en” aan die einde van paragraaf *(f)* te skrap;

*(f)* deur in subartikel (2) die punt aan die einde van paragraaf *(g)* te vervang en in daardie subartikel die woord “en” aan die einde van die paragraaf in te voeg;

*(g)* deur in subartikel (2) die volgende paragraaf by te voeg:

“*(h)* voorgeskrewe rehabilitasieprogramme vir gewoonteoortreders te administreer.”;

*(h)* deur die woord “en” aan die einde van paragraaf *(a)* van subartikel (3) te voeg;

*(i)* deur die uitdrukking “; en” aan die einde van paragraaf *(b)* van subartikel (3) deur ’n punt te vervang;

*(j)* deur in subartikel (3) paragraaf *(c)* te skrap; en

*(k)* deur in subartikel (4) paragrawe *(a)* en *(c)* te skrap.

**Wysiging van artikel 11 van Wet 46 van 1998**

**3.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die **[agentskap]** Owerheid kan aan die persone in sy diens die vergoeding en toelaes betaal, en kan aan hulle die pensioene en ander voordele voorsien, wat die **[raad met die goedkeuring van die Minister, handelende in oorleg met die Minister van Finansies]** Raad, na oorleg met die Minister, bepaal.”.

**Herroeping van artikel 12 van Wet 46 van 1998**

**4.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 13 van Wet 46 van 1998, soos gewysig in die Engelse teks by artikel 7 van Wet 72 van 2002**

**5.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(d)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(d)* donasies ontvang, wat in die jaarverslag beoog in artikel **[7(3)]** 7(2) verklaar moet word; **[en]**”; en

*(b)* deur die volgende paragraaf ná paragraaf *(d)* van subartikel (1) in te voeg:

“*(d*A*)* boetes uitgereik en ingevorder deur of namens ’n uitreikingsgesag; en”.

**Vervanging van artikel 15 van Wet 46 van 1998**

**6.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Bankrekening**

**15.** Die **[agentskap]** Owerheid kan, met die goedkeuring van die **[Direkteur-generaal]** Raad, een of meer rekenings oopmaak en in stand hou by ’n bank wat **[finaal]** geregistreer is as ’n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), waarin geld gedeponeer moet word wat deur die **[agentskap]** Owerheid ontvang word en geld wat ontvang word van uitreikingsgesagte, bestuurslisensie-toetssentrums en registrasie-owerhede, en waaruit betalings deur of namens **[hom]** die Owerheid gedoen kan word.”.

**Amendment of section 17 of Act 46 of 1998, as amended by section 8 of Act 72 of 2002**

**7.** Section 17 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* inform the infringer that the demerit points position may be ascertained **[from the national contraventions register at the office of any issuing authority, registering authority or driving licence testing centre]** in the prescribed manner;'';

*(b)* by the deletion in subsection (1)*(f)* of subparagraph (iv); and

*(c)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) The owner or operator of a motor vehicle who permits any person to drive such vehicle or otherwise to exercise any control over such vehicle, without having ascertained the full names, **[acceptable identification and]** identity document or residential **[and]**, postal and, where applicable, business and e-mail address of an infringer, such person is **[guilty of an offence and]** liable **[upon conviction to a fine or imprisonment for a period not exceeding one year or to both a fine and such imprisonment]** for the prescribed penalty and fees.''.

**Amendment of section 18 of Act 46 of 1998, as amended by Act 72 of 2002**

**8.** Section 18 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) *(a)* An infringer who has been served with an infringement notice alleging that he or she has committed **[a minor]** an infringement, may make **[representations]** a representation in the prescribed manner, with respect to that notice and infringement to the **[Agency]** Authority.

*(b)* In the event that a representation is successful as a result of prescribed procedures not being complied with, that infringement notice, courtesy letter or enforcement order may be served again on that infringer in the prescribed manner within 40 days from the date that the representation was finalised, provided that the infringement notice, courtesy letter or enforcement order must not be served later than 180 days from the date the infringement was committed.'';

*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* Any representations contemplated in paragraph *(a)* must be submitted to the Authority, as prescribed **[issuing authority concerned, who must reply thereto within the prescribed time]**.''; and

*(c)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

''(7) If the representations are rejected, the representations officer may advise the infringer **[to elect in the prescribed manner to be tried in court,]** of his or her right of review or appeal to the Tribunal and must serve or cause to be served on the infringer a prescribed written notification informing him or her—

*(a)* of the reasons for the decision, and provide the issuing authority concerned with a copy thereof;

*(b)* if the infringer does not **[elect to be tried in court]** exercise the right to review or appeal—

(i) that the penalty, the prescribed representations fee and the prescribed fee of the courtesy letter, if any, are payable to the **[agency]** Authority or that the arrangements are made with the **[agency]** Authority in the prescribed manner to pay in instalments, not later than 32 days after the date of service of the notification; and

(ii) that failure to pay the penalty and fees or to make arrangements to pay in instalments will result in an enforcement order being served on the infringer and that the infringer will become liable to pay the penalty and fees and the prescribed fee of the enforcement order; and

**Wysiging van artikel 17 van Wet 46 van 1998, soos gewysig in die Engelse teks deur artikel 8 van Wet 72 van 2002**

**7.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* inligting verskaf aan die oortreder dat die stand van strafpunte op die voorgeskrewe wyse **[in die nasionale oortredingsregister]** vasgestel kan word **[by die kantoor van enige uitreikingsgesag, registrasie-owerheid of bestuurslisensie-toetssentrum]**;";

*(b)* deur in subartikel (1)*(f)* subparagraaf (iv) te skrap; en

*(c)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die eienaar of operateur van 'n motorvoertuig, wat toestem dat enige persoon sodanige voertuig bestuur of andersins beheer daaroor uitoefen, sonder om **[daardie persoon]** 'n oortreder se volle name, **[aanvaarbare identifikasie en]** identiteitsdokument of woon-, **[en posadres]** pos- en, waar van toepassing, sake- en e-posadres te verkry, is **[aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf]** daardie persoon aanspreeklik vir die voorgeskrewe boete en gelde.".

**Wysiging van artikel 18 van Wet 46 van 1998, soos gewysig in die Engelse teks deur Wet 72 van 2002**

**8.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) *(a)* 'n Oortreder op wie 'n oortredingskennisgewing beteken is wat beweer dat hy of sy 'n **[kleiner]** oortreding gepleeg het, kan ten opsigte van daardie kennisgewing **[vertoë rig]** op die voorgeskrewe wyse 'n vertoog aan die **[agentskap]** Owerheid rig.

*(b)* Indien 'n vertoog suksesvol is omdat die voorgeskrewe prosedures nie gevolg is nie, kan daardie oortredingskennisgewing, hoflikheidsbrief of dwangbevel binne 40 dae vanaf die datum waarop die vertoog afgehandel is, weer op daardie oortreder beteken word op die voorgeskrewe wyse, met dien verstande dat die oortredingskennisgewing, hoflikheidsbrief of dwangbevel nie langer as 180 dae nadat die oortreding begaan is, beteken mag word nie.";

*(b)* deur in subartikel (4) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* Enige vertoë beoog in paragraaf *(a)*, moet voorgelê word aan die **[betrokke uitreikingsgesag wat binne die voorgeskrewe tyd daarop moet antwoord]** Owerheid, soos voorgeskryf."; en

*(c)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Indien die vertoë verwerp word, kan die vertoë-beampte die oortreder adviseer **[om op die voorgeskrewe wyse te kies om in die hof verhoor te word,]** van sy of haar reg op hersiening of appèl tot die Tribunaal en moet 'n skriftelike kennisgewing op die oortreder beteken of laat beteken wat hom of haar inlig—

*(a)* oor die redes vir die besluit, waarvan 'n afskrif aan die betrokke uitreikingsgesag voorsien moet word;

*(b)* dat indien hy of sy nie **[kies om in die hof verhoor te word nie]** die reg op hersiening of appèl uitoefen nie—

(i) die boete, die voorgeskrewe **[vertoë-geld]** vertoëgeld en die voorgeskrewe geld van die hoflikheidsbrief, indien enige, aan die **[agentskap]** Owerheid betaalbaar is of dat op die voorgeskrewe wyse met die Owerheid gereël word dat betaling in paaiemente gemaak word, nie later nie as **[28]** 32 dae na die datum van betekening van die kennisgewing; en

(ii) 'n versuim om die boete en gelde te betaal of om te reël dat dit in paaiemente betaal word, tot gevolg sal hê dat 'n dwangbevel op die oortreder beteken sal word en dat die oortreder aanspreeklik sal word om die boete en gelde en die voorgeskrewe geld vir die dwangbevel te betaal; en

*(c)* if the infringer elects to **[be tried in court, which may only be done on the advice of the representations officer,]** exercise the right to review or appeal that the provisions of **[section 22]** Chapter IVA apply.''.

**Amendment of section 19 of Act 46 of 1998, as amended by section 10 of Act 72 of 2002**

**9.** Section 19 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (2)*(b)* of the word ''or'' at the end of subparagraph (i);

*(b)* by the substitution in subsection (2)*(b)* for the expression ''; or'' of a fullstop at the end of subparagraph (ii); and

*(c)* by the deletion in subsection (2)*(b)* of subparagraph (iii).

**Amendment of section 19B of Act 46 of 1998, as inserted by section 11 of Act 72 of 2002**

**10.** Section 19B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''If an infringer makes **[an]** insufficient payment to the **[agency]** Authority in terms of this Act in respect of a **[fine]** penalty or the cheque used for payment is dishonoured, a notice as prescribed must be served on an infringer, informing him or her—'';

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* that failure to comply with the notice contemplated in paragraph *(a)* will lead to **[a warrant]** an enforcement order being issued against him or her in terms of section **[21]** 20.''; and

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* that failure to comply with the notice will lead to **[a warrant]** an enforcement order in respect of the full amount owed being issued against him or her in terms of section **[21]** 20;''.

*(c)* dat die bepalings van **[artikel 22]** Hoofstuk IVA van toepassing is, indien hy of sy kies om **[deur die hof verhoor te word]** die reg op hersiening of appèl uit te oefen.''.

**Wysiging van artikel 19 van Wet 46 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 72 van 2002**

**9.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woord ''of'' aan die einde van subparagraaf (i) in subartikel (2)*(b)* in te voeg:

*(b)* deur in subartikel (2)*(b)* die uitdrukking ''; of'' aan die einde van subparagraaf (ii) deur 'n punt te vervang; en

*(c)* deur in subartikel (2)*(b)* subparagraaf (iii) te skrap.

**Wysiging van artikel 19A en 19B van Wet 46 van 1998, soos ingevoeg in die Engelse teks by artikel 11 van Wet 72 van 2002**

**10.** Artikel 19A en 19B van die Hoofwet, soos ingevoeg in die Engelse teks by artikel 11 van Wet 72 van 2002, word hierby ingevoeg en verder gewysig deur artikel 19A en 19B ná artikel 19 in die Hoofwet in te voeg:

''**Opsies**

**19A.** Waar 'n oortreder een van die opsies in artikel 17(1)*(f)*, 18(7)*(b)* of 19(2)*(b)* beoog binne 32 dae uitoefen, welke opsies—

*(a)* die opsie insluit om boetes en gelde te betaal, indien enige, of om reëlings te tref om in paaiemente te betaal, moet die aangeleentheid afgehandel word sonder oorweging van die ander opsies; en

*(b)* in enige ander geval, ook die opsie insluit om in die hof verhoor te word, moet hierdie opsie negeer word ten einde die aangeleentheid buite die hof af te handel ooreenkomstig die administratiewe proses in hierdie Wet beoog.

**Betalings**

**19B.** (1) Indien 'n oortreder ingevolge hierdie Wet 'n ontoereikende betaling aan die Owerheid doen ten opsigte van 'n boete of die tjek wat vir betaling gebruik is gedishonoreer word, moet 'n kennisgewing soos voorgeskryf op die oortreder beteken word, wat hom of haar inlig—

*(a)* dat die volle bedrag verskuldig, ook die voorgeskrewe gelde vir die kennisgewing, binne 32 dae van betekening van die kennisgewing betaal moet word;

*(b)* dat versuim om aan die kennisgewing in subartikel *(a)* bedoel, te voldoen, sal lei tot die uitreiking van 'n dwangbevel teen hom of haar ingevolge artikel 20.

(2) Indien 'n oortreder wat reëlings getref het om 'n boete of gelde, indien enige, in paaiemente te betaal, versuim om die paaiemente te betaal of 'n ontoereikende betaling op 'n paaiement doen of die tjek wat vir die betaling van daardie paaiement gebruik is, gedishonoreer word, moet 'n kennisgewing soos voorgeskryf op die oortreder beteken word, wat hom of haar inlig—

*(a)* dat die uitstaande balans van die paaiement, ook die gelde vir die kennisgewing, binne sewe dae van betekening van die kennisgewing betaal moet word of dat reëlings vir die betaling daarvan in daardie tyd getref moet word;

*(b)* dat enige betaling in paragraaf *(a)* genoem soos gereël, gedoen moet word en dat daaropvolgende paaiemente soos oorspronklik gereël, betaal moet word;

*(c)* dat versuim om aan die kennisgewing te voldoen, sal lei tot die uitreiking van 'n dwangbevel teen hom of haar ingevolge artikel 21.''.

**Amendment of section 20 of Act 46 of 1998, as amended by section 12 of Act 72 of 2002**

**11.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"If an infringer fails to comply with the requirements of a notification contemplated in section 18(7) or a courtesy letter contemplated in section 19(2)*(b)* or has failed to **[appear in court as contemplated in section 22(3)*(a)*]** apply for review or appeal to the Tribunal, as the case may be, the registrar must, subject to subsection (2)—";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* provide the infringer with a print-out of the demerit points incurred by him or her to date, together with an indication of the number of points left before his or her driving licence, professional driving permit, any permit or licence issued in terms of any road traffic legislation or transport legislation or operator card is suspended in terms of section 25 or cancelled in terms of section 27.";

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) An enforcement order must **[—**

***(a)*]** state that the infringer on whom it is served may, not later than 32 days after the date of service of the order, pay the penalty, representations fee and the fees of the courtesy letter, if any, and the prescribed fee of the enforcement order to the **[agency]** Authority at the specified place and in the specified manner, and that the prescribed demerit points will be recorded in the **[national contraventions register]** National Road Traffic Offences Register **[; and**

***(b)* state that a failure to comply with the requirements of the enforcement order within the period contemplated in paragraph *(a)* will result in a warrant being issued to recover the applicable penalty and fees]**.";

*(d)* by the insertion in subsection (5) after paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b*A*)* any permit or licence issued in terms of any road traffic legislation or transport legislation;"; and

*(e)* by the substitution in subsection (10) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* the infringer must be informed about it in the prescribed manner and his or her driving licence, professional driving permit **[or]**, operator's card or permit or licence issued in terms of any road traffic legislation or transport legislation, must be returned **[or the endorsement of a driving licence that is contained in an identity document must be cancelled,]** unless he or she has been disqualified otherwise.".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 46 van 1998, soos gewysig in die Engelse teks by artikel 12 van Wet 72 van 2002**

**11.** Artikel 20 van die Hoofwet, soos in die Engelse teks gewysig by artikel 12 van Wet 72 van 2002, word hierby ingevoeg en verder gewysig—

*(a)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* van subartikel 1 voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien 'n oortreder versuim om te voldoen aan die vereistes van 'n kennisgewing beoog in artikel 18(7) of 'n hoflikheidsbrief beoog in artikel 19(2)*(b)* of versuim het om **[die hof teenwoordig te wees soos beoog in artikel 22(3)*(a)*]** by die Tribunaal aansoek te doen om hersiening of appèl, na gelang van die geval, moet die registrateur, behoudens subartikel (2)—";

*(b)* deur paragraaf *(a)* van subartikel 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n dwangbevel uitreik, dit op die oortreder beteken en die nasionale oortredingsregister **[diensooreenkomstig]** dienooreenkomstig opdateer;";

*(c)* deur in subartikel (1) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* die oortreder voorsien van 'n drukstuk van die strafpunte wat deur hom of haar tot op datum opgeloop is, tesame met 'n aanduiding van die getal punte wat oorbly voordat sy of haar bestuurslisensie, professionele bestuurspermit, enige permit of lisensie ingevolge enige padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing of operateurskaart opgeskort word ingevolge artikel 25 of gekanselleer word ingevolge artikel 27.";

*(d)* deur paragrawe *(a)* en *(b)* van subartikel (2) deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* 'n oortredingskennisgewing**[, 'n kennisgewing]** beoog in artikel 18(7) of 'n hoflikheidsbrief, na gelang van die geval, op die betrokke oortreder beteken is;

*(b)* 'n tydperk van minstens **[28]** 32 dae verloop het sedert die datum van betekening van genoemde kennisgewing of hoflikheidsbrief, na gelang van die geval;";

*(e)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) 'n Dwangbevel moet**[—**

***(a)*]** verklaar dat die oortreder op wie dit beteken word, nie later nie as **[28]** 32 dae na die datum van betekening van die bevel, die boete, die **[vertoë-geld]** vertoëgeld, en die gelde vir die hoflikheidsbrief, indien enige, en die voorgeskrewe gelde van die dwangbevel op die gespesifiseerde plek en die gespesifiseerde wyse aan die **[agentskap]** Owerheid kan betaal, en dat die voorgeskrewe strafpunte in die **[nasionale oortredingsregister]** Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe aangeteken **[sal]** word**[; en**

***(b)* verklaar dat 'n versuim om die vereistes van die dwangbevel na te kom binne die tydperk beoog in paragraaf *(a)*, tot gevolg sal hê dat 'n lasbrief uitgereik sal word om die toepaslike boete en gelde te verhaal]**.";

*(f)* deur die volgende paragraaf ná paragraaf *(b)* in subartikel (5) in te voeg:

"*(b*A*)* enige permit of lisensie ingevolge enige padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing uitgereik;"; en

*(g)* deur subartikels (7) en (8) deur die volgende subartikels te vervang:

"(7) 'n Oortreder op wie 'n dwangbevel beteken is, kan daaraan voldoen deur die toepaslike boete en gelde **[te betaal]** aan**[—**

***(a)* 'n]** die plaaslike registrasie-owerheid**[;]** of

**[*(b)* 'n]** bestuurslisensie-toetssentrum te betaal.

(8) 'n **[Registrasie-owerheid]** Plaaslike registrasie-owerheid of bestuurslisensie-toetssentrum moet die Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe opdateer en die agentskap op die voorgeskrewe wyse in kennis stel indien **[dit]** hy enige betaling beoog in subartikel (7) ontvang het, en moet die betaling aan die agentskap oorbetaal na aftrekking van die voorgeskrewe invorderingsgeld, binne die voorgeskrewe tydperk, waarna die Owerheid rente teen die voorgeskrewe koers kan hef.";

**Repeal of section 21 of Act 46 of 1998**

**12.** Section 21 of the principal Act is hereby repealed.

**Repeal of section 22 of Act 46 of 1998, as substituted by section 14 of Act 72 of 2002**

**13.** Section 22 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 25 of Act 46 of 1998, as amended by Act 72 of 2002**

**14.** Section 25 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a person, operator or a juristic person who is not an operator, incurs demerit points which, when added to the points previously recorded against that person, operator or a juristic person who is not an operator in the **[national contraventions register]** National Road Traffic Offences Register and reduced as contemplated in section 28, exceed the total contemplated in section 29*(d)*, that person, operator or a juristic person who is not an operator is disqualified **[with effect from]** within 32 days, after such excess points have been incurred, from driving or operating a motor vehicle on a public road.";

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* The Minister may prescribe different numbers under paragraph *(a)* in respect of a driver, a learner driver, **[and]** an operator of a motor vehicle and a juristic person who is not an operator.";

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) A person, **[who is disqualified in terms of this section]** operator, or a juristic person who is not an operator—

*(a)* must **[immediately]** within a period of 32 days hand in any driving licence card **[or]**, professional driving permit, motor vehicle licence disc, operator card or any other permit, card or licence issued in terms of road traffic legislation or transport legislation, where applicable, in the prescribed manner to the relevant issuing authority contemplated in section 26(2) for retention by such issuing authority during the disqualification period, produce any driving licence **[contained in an identity document]** to such issuing authority for endorsement as suspended or must remove the prescribed operator card and deal therewith in the prescribed manner; and

*(h)* deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf *(b)* van subartikel (9) te voeg:

"*(b)* die uitreikingsgesag op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om die herroeping van die dwangbevel,

en die oortreder of die uitreikingsgesag, na gelang van die geval, wat om die herroeping van 'n dwangbevel aansoek gedoen het, moet op die voorgeskrewe wyse van die resultaat van so 'n aansoek ingelig word."; en

*(i)* deur subartikel (10) ná subartikel (9) by te voeg:

"(10) Indien 'n dwangbevel herroep word, word die gevolge daarvan gekanselleer en indien dit die kansellering behels van 'n diskwalifikasie om 'n motorvoertuig te bestuur of te gebruik—

*(a)* moet die Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe opdateer word; en

*(b)* moet die oortreder op die voorgeskrewe wyse daaroor ingelig word en moet sy of haar bestuurslisensie, professionele bestuurspermit of operateurskaart of permit of lisensie uitgereik ingevolge enige padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing, teruggegee word of kanselleer word tensy hy of sy andersins onbevoeg is.".

**Herroeping van artikel 21 van Wet 46 van 1998**

**12.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Herroeping van artikel 22 van Wet 46 van 1998, soos vervang deur artikel 14 van Wet 72 van 2002**

**13.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 25 van Wet 46 van 1998, soos in die Engelse teks gewysig deur Wet 72 van 2002**

**14.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang en verder te wysig:

"(1) Indien 'n persoon, operateur of 'n regspersoon wat nie 'n operateur is nie, strafpunte oploop wat, wanneer dit by die punte getel word wat voorheen teen daardie persoon, operateur of 'n regspersoon wat nie 'n operateur is nie in die **[nasionale oortredingsregister]** Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe aangeteken is en verminder is soos in artikel 28 beoog, die totaal beoog in artikel 29*(d)* oorskry, is daardie persoon **[op voorgeskrewe wyse]**, operateur of 'n regspersoon wat nie 'n operateur is nie, binne 32 dae nadat sodanige punte opgedoen is, gediskwalifiseer om 'n motorvoertuig op 'n openbare pad te bestuur of te gebruik.";

*(b)* deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

